Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# MUNISIPALE ADMINISTRASIE N5

(21010055)

**1 Junie 2021 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

164Q1J2101

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUNISIPALE ADMINISTRASIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

## AFDELING A

### VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Suid-Afrika het 'n suiwer demokratiese stelsel.

1.2 Elke individu in Suid-Afrika behalwe buitelanders het regte.

1.3 Een van die doelwitte van plaaslike regering is om tydelike dienste aan die gemeenskap te verskaf.

1.4 Een van die Afbakeningsraad ('Demarcation Board') se verantwoordelikhede is om te bepaal waar die kieslokale in 'n wyk is.

1.5 Munisipaliteite is nie verantwoordelik vir gesondheidsdienste nie; dit is die provinsiale en sentrale regering se verantwoordelikheid.

(5 × 2) **[10]**

### VRAAG 2

Kies 'n provinsie uit KOLOM B wat pas by 'n dorp of stad in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Beaufort-Wes | A | Noord-Kaap |
| 2.2 | Mbombela | B | Oos-Kaap |
| 2.3 | Graaff-Reinet | C | Wes-Kaap |
| 2.4 | Barkly-Oos | D | Mpumalanga |
| 2.5 | Klerksdorp | E | Limpopo |
| 2.6 | Kimberley | F | Gauteng |
| 2.7 | Vosloorus | G | KwaZulu-Natal |
| 2.8 | uMgungundlovu | H | Vrystaat |
| 2.9 | Sterkspruit | I | Noordwes |
| 2.10 | Malamulele | | |

(10 × 2) **[20]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 3**

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woorde langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Die … is die enigste persoon wat die Afbakeningsraad mag aanstel.

3.2 Die rekenpligtige amptenaar van 'n munisipaliteit is die …

3.3 Op 31 Mei 1910 het Suid-Afrika 'n … geword.

3.4 Op 31 Mei 1961 het Suid-Afrika 'n … geword.

3.5 Suid-Afrika bestaan uit 44 distrikte, 226 munisipaliteite en … metropole.


(5 × 2) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B**

**VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae.




[Bron: *www.google/images.co.za*]

4.1.1 Wat beeld die prent uit? (2)

4.1.2 Watter era word deur die prent uitgebeeld? (2)

Downloaded from www.mycourses.co.za

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

4.1.3 Beskryf die *segregasiewet* in Suid-Afrika in die 1950's in jou eie woorde. (3)

4.1.4 Noem TWEE redes waarom 27 April 1994 'n belangrike/betekenisvolle datum is in Suid-Afrika. (2 × 2) (4)

4.1.5 Wie was die TWEE adjunkpresidente tydens Nelson Mandela se bewind? (2 × 2) (4)

4.2 Verduidelik VYF funksies van die Burgemeesterskomitee. (5 × 2) (10)

4.3 Noem VYF funksies van die sweep. (5 × 2) (10)

4.4 Noem VYF afbakeningsfaktore. (5)
**[40]**

**VRAAG 5**

Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Mnr. Miya is 'n inwoner van die Sol Plaatje Munisipaliteit. Hy is verward en baie ontevrede omdat die munisipaliteit die elektrisiteitstariewe gaan verhoog en 'n lening wil aangaan om dienste aan die gemeenskap te kan lewer. Mnr. Miya nader die raadslid, mnr. Tuelo Mojaki, omdat hy bekommerd is. Mnr. Mojaki verduidelik aan mnr. Miya dat munisipaliteite outonome instellings op die derde regeringsvlak is en sekere besluite sonder konsultasie kan neem. |

5.1 Is munisipaliteite heeltemal outonoom?
Skryf slegs 'Ja' of 'Nee' in jou ANTWOORDBOEK neer. (2)

5.2 Noem VYF redes vir jou antwoord in VRAAG 5.1. (4 × 2) (8)

5.3 Noem VYF rolle van die premier rakende munisipaliteite. (5 × 2) (10)

5.4 Noem VYF eienskappe van dienste ingevolge die Wet op Munisipale Stelsels. (5 × 2) (10)

5.5 Noem die VYF kernfunksies van die munisipaliteit. (5 × 2) (10)
**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

## VRAAG 6

6.1 Voltooi die volgende sin deur slegs die ontbrekende woord langs die vraagnommer (6.1) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

Die Suid-Afrikaanse regering bestaan uit DRIE vlakke:
Sentrale, Provinsiale en … regering. (2 × 1) (2)

6.2 Elke vlak van die regering het sy eie wetgewende mag.

Noem TIEN redes vir die bestaan van die regeringsvlak wat jy in VRAAG 6.1 genoem het. (10)

6.3 Noem VIER stappe in die proses om wyke af te baken. (4 × 2) (8)

6.4 Bespreek die invloed van politieke faktore op die funksionering van munisipaliteite. (5 × 2) (10)

6.5 Noem VIER probleme wat as gevolg van verstedeliking in landelike gebiede voorkom. (4 × 2) (8)

6.6 Noem TWEE redes vir die bestaan van plaaslike munisipaliteite. (2)
**[40]**

## VRAAG 7

7.1 Noem SES nadele van die kollektiewe bestuurstelsel. (6 × 2) (12)

7.2 Noem SES funksies van 'n wykskomiteestelsel. (6 × 2) (12)

7.3 Verduidelik kortliks SES statutêre redes vir 'n vergadering. (6 × 2) (12)

7.4 Noem VIER funksies van die voorsitter van 'n vergadering. (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou